Bibliotheek

8/92

Saak no 485/91

KPA

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen

ANDRE DANIEL JOHN MAANS....................APPELLANT

en

DIE STAAT..................................RESPONDENT

CORAM : HEFER, F H GROSSKOPF et VAN DEN HEEVER ARR.

AANGEHOOR: 25 FEBRUARIE 1992.

GELEWER : 5 MAART 1992.

---

U I T S P R A A K

/HEFER AR...

HEFER AR:

Andre Daniel John Maans (na wie voortaan as die appellant verwys sal word) is gedurende Februarie 1989 daaraan skuldig bevind dat hy 'n vrou (na wie as die oorledene verwys word) op 12 Desember 1989 beroof, verkrag en vermoor het. Wat die moordklag betref, is bevind dat daar nie versagtende omstandighede was nie en op hierdie aanklag is hy gevolglik ter dood veroordeel. 'n Appèl teen die skuldigbevinding is gedurende Mei 1990 deur hierdie hof van die hand gewys. Sedertdien het die Strafregwysigingswet 107 van 1990 in werking getree. Die paneel ingestel ooreenkomstig art 19(1) van die Wet het bevind dat die doodvonnis waarskynlik opgelê sou gewees het indien art 4 ten tyde van vonnisoplegging in werking was. Ooreenkomstig art 19(12) is dit nou die taak van hierdie hof om die vonnis in heroorweging te neem. In kort beteken dit dat hierdie hof, met inagneming van al die strafversagtende en - verswarende

faktore en die beginsels neergelê in beslissings soos S v Senonohi 1990(4) SA 727 (A) op 733 B-E en 734 E-G en S v Nkwanyana and Others 1990(4) SA 735 (A) op 743 B - 745 G, moet oorweeg of hy self die doodvonnis - as die enigste gepaste een in die besondere geval - sou opgelê het.

Die oorledene wat 53 jaar oud was, het op 'n plaas net buite die dorp McGregor gewoon. Die oggend van 12 Desember 1987 is sy te voet dorptoe met 'n bedrag van R10 in haar handsak. Langs die pad het sy die appellant teëgekom. Hy het haar vasgegryp en die R10 uit die sak geneem. Daarop het hy haar teen die grond gegooi en verkrag. Terwyl hy besig was, het die oorledene hom gesmeek om haar te los omdat sy hom en sy ouers goed ken. In stede van gehoor te gee, het appellant haar met 'n baksteen bewusteloos geslaan. Vervolgens het hy blare en takke op haar gestapel en diesel - wat hy by 'n nabygeleë waterpomp gaan haal het - daaroor gesprinkel.

Op daardie stadium het hy opgemerk dat sy nog 'n horlosie aan haar arm gehad het. Nadat hy dit ook geneem het, het hy die diesel aan die brand gesteek. Die oorledene het op haar maag gelê maar, omdat die vuur nie haar gesig bereik het nie, het hy haar op haar rug gedraai en nog meer bossies nader gestoot. Die gevolg was dat toe haar lyk later gevind is, haar lyf en ledemate grotendeels verkool en haar gesig onherkenbaar verbrand was.

Ek is oortuig daarvan dat die doodvonnis die enigste gepaste vonnis vir die appellant se gruweldaad is. As verswarende faktor hoef die gevoellose wreedheid van sy optrede en die afsku wat dit wek nouliks beklemtoon te word. Ek is gedagtig daaraan dat aparte vonnisse opgelê is (10 jaar en 3 jaar gevangenisstraf onderskeidelik) weens die verkragting en die roof en dat 'n gepaste vonnis vir die moord op sigself beoordeel moet word. Dat appellant die oorledene beroof en verkrag het voordat hy haar doodgemaak het, kan

egter nie uit die oog verloor word nie omdat dit die motief bied vir die moord: volgens appellant se eie bekentenis aan 'n medegevangene terwyl hy verhoorafwagtend was, was sy antwoord toe die oorledene hom daarop gewys het dat sy hom en sy ouers goed ken: "Dit is goed dat jy my ken, dit is die laaste wat jy nou vir my sal ken." Wat hy daarmee bedoel het blyk uit sy optrede daarna. Dit is volkome duidelik dat sy moes sterf en haar lyk onherkenbaar vermink moes word in 'n poging om verantwoordelikheid vir die roof en verkragting vry te spring. Dat appellant boonop nie net die direkte bedoeling nie, maar inderdaad die wil gehad het om sy slagoffer op hierdie afgryslike manier te dood, spreek vanself. En wat sy optrede nog meer laakbaar maak is die feit dat die oorledene bevriend was met sy ouers, hom ook goed geken het en hom daardie oggend nog vriendelik gegroet het voordat hy haar gegryp het.

As strafversagtende faktore het mnr Davis

namens die appellant in hierdie hof aangevoer, eerstens, dat appellant nie aanvanklik die bedoeling gehad het om die oorledene te dood nie en,tweedens, dat sy lae intelligensievlak moontlik sy vermoë tot selfbeheer beïnvloed het. Wat die eerste faktor betref is ek nie oortuig dat die bedoeling om te moor nie aanvanklik bestaan het nie. Appellant het immers geweet dat die oorledene hom geken het en dat hy haar nie goedsmoeds sou kon beroof en verkrag sonder om in die moeilikheid te kom nie. Dit is dus geensins onwaarskynlik dat hy vooraf geweet het dat hy iets sou moes doen ten einde haar mond te snoer nie. Maar, selfs al sou aanvaar word dat die bedoeling om te moor eers gevorm is terwyl hy besig was om haar te verkrag, meen ek nie dat dit as strafversagting aangemerk kan word nie. Feit bly dat hy, eerder as om gehoor te gee aan die oorledene se pleidooi om haar te los, besluit het om haar om die lewe te bring. Tyd vir besinning was daar genoeg(want hy moes die diesel

by die pomp gaan uittap)en die kille berekendheid van sy optrede en sy vermetelheid om nog die oorledene se polshorlosie te verwyder toe hy op die punt gestaan het om haar aan die brand te steek,moet noodwendig as ernstig verswarend beskou word.

Die tweede faktor waarop mnr Davis gesteun het, het ook niks om die lyf nie. Dit is waar dat appellant op skool slegs so ver as sub A gevorder het maar die manier waarop hy getuienis afgelê het skep geensins die indruk van 'n onintelligente persoon nie. En,selfs al sou hy nie besonder intelligent wees nie is daar geen aanduiding dat hy 'n persoon is wat, weens daardie rede, nie in staat is tot selfbeheersing nie. Inteendeel, van sy familielede het by die verhoor getuig en in die getuienis van geeneen van hulle is daar 'n sweem van 'n suggestie dat dit die geval is nie. Een van hulle het wel te kenne gegee dat die appellant onbeheerbaar is wanneer hy onder die invloed van drank is maar hy was die oggend van die moord volkome nugter.

Mnr Davis het verder aangevoer dat die doodvonnis nie die enigste gepaste vonnis is nie selfs al sou daar geen strafversagtende faktore wees nie. Volgens hom sal 'n lang termyn gevangenisstraf ewe gepas wees. Ek stem nie saam nie. DIe appellant was ten tyde van die moord 25 jaar oud. Op daardie stadium het hy reeds agt vorige veroordelings gehad insluitende twee weens roof, een weens gewone aanranding en twee weens aanranding met die opset om ernstig te beseer. Daar is minstens twee redes waarom sy misdadige verlede sterk teen hom tel. Eerstens dui dit daarop dat hy 'n geweldenaar is en, tweedens, dat hy hom hoegenaamd nie steur aan die gereg en geen ontsag vir die gevangenis het nie. Gedurende Februarie 1980 is hy na 'n verbeteringskool verwys as gevolg van sy skuldigbevinding aan roof. Hy is gedurende Februarie 1982 vrygelaat maar gedurende April van dieselfde jaar is hy tot altesame 21 maande gevangenisstraf gevonnis weens twee afsonderlike aanrandings met die opset om ernstig te beseer. Na sy

ontslag uit die gevangenis het hy vir 'n kort tydjie 'n reguit pad geloop maar gedurende Maart 1985 is hy tot $4^{1}/2$ jaar gevangenisstraf veroordeel weens huisbraak met die opset om te steel en diefstal nadat hy negosieware ter waarde van meer as R4 000 uit 'n winkel gesteel het. Op 9 November 1987 is hy vrygelaat en slegs 'n maand daarna het hy die oorledene in die onderhawige saak vermoor. Hierby kan volledigheidshalwe gevoeg word dat hy na sy arrestasie op die huidige aanklagte op borgtog vrygelaat is en dat hy sy vryheid onmiddellik gevier het deur dronk te word. Blykbaar het hy hom nie veel aan die aanklagtes teen hom gesteur nie: reeds terwyl hy sy vryheid gevier het,het hy sy broers laggenderwys vertel hoe hy die oorledene verkrag het en tydens die verhoor moes hy herhaaldelik gemaan word tot erns. Om hom nou weens die moord weer na die gevangenis te stuur sal geen doel dien nie. Klaarblyklik beskou hy gevangenisstraf nie as 'n werklike straf nie en boonop is die vooruitsigte op sy

rehabilitasie alles behalwe rooskleurig.

Om op te som: gesien die aanwesigheid van ernstige verswarende en afwesigheid van versagtende faktore, die karakter van die appellant, die ongunstige vooruitsigte op rehabilitasie deur gevangenisstraf en die feit dat dit 'n geval is waarin die gemeenskapsbelang en die vergeldingselement klaarblyklik 'n rol speel, is daar geen gepaste straf anders dan die doodvonnis nie.

Die appèl word van die hand gewys en die doodvonnis ooreenkomstig art 19(12)(b)(i) van Wet 107 van 1990 bekragtig.

---

J J F HEFER AR.

F H GROSSKOPF AR )
L VAN DEN HEEVER AR) STEM SAAM.